



Gereformeerde kerk Pretoria(d)

www.gkpretoria.org.za OF

www.gk-pretoria.weebly.com

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar

012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

24 Augustus 2014

EERSTE EREDIENS—(9h00)

(Voorbereiding)

Skriflesing: Nahum 1:1-2:13

Teks: Nahum 1:14d—15

Sing: Ps. 149:1,2; Ps. 32:1; Ps. 33:8;

Ps. 34:6,8

NAHUM EN DIE WAT DINK HULLE MAGTIG IS

Laat ons met die volgende drie belangrike sake uit Nahum die lewe inkom. 1. God plaas Homself duidelik in die fokus, wanneer mense nie meer duidelik hulle magte ken nie. 2. God maak dat die magtiges pateties kan lyk en die wat gedink het ons lewe is pateties vir hulle kom daar lewe en vreugde. 3. Laat ons maar weer na onself kyk en nie die probleme daar vër gaan soek nie. God is vër en naby.

KATKISASIE— Katkisasie gaan normaal voort

Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by <http://bit.ly/JQjBz4>

TWEEDE EREDIENS (ná katkisasie)

Skriflesing: Psalm 8; Spreuke 18

Kategismus: Sondag 47

Teks: Psalm 8:2a, Spreuke 18:10

Sing: Ps. 150:1,3; Ps. 8:1,2,7; Ps. 48:5

LAAT U NAAM GEHEILIG WORD

As God se Naam nie eerste staan nie, hoe kan ek hoegenaamd tot God vir sy koninkryk, sy wil, my brood, my huis, my lewe bid? **Laat U Naam geheilig word** ...gee vir ons die doel en die oogmerk van die hele "Onse Vader" gebed.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tettol>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee.

Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

Predikant:

Ds. Petrus Venter

012- 3356130

0847042348 (P) 0845119620(C)

pjventer@gkpretoria.org.za

9 de Laan 880

Wonderboom-Suid

www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt vandag Wyke 20 en 21 (sluit in susters skinkbeurt)

Ouderlinge: Willem du Plooy (sr.)

Diakens: Nico Venter en Eugene Koole

Diensbeurt (31/08) (Wyke 22 en 23)

Ouderlinge: Koos Venter

Diakens: Michiel Venter

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Br Willie Buys se gesondheid is steeds nie goed nie. Ons vertrou dat daar spoedig vir hom beterskap mag kom. Ons dink ook in ons gebede aan **sr Ansie Putter** wie se dogter in Amerika baie ernstig siek is. Mag die Here gee dat die behandeling mag slaag en daar vir haar genesing mag wees. **Br Johan Vosloo** se operasie aan sy knie is vir eers onbepaald uitgestel. Ons bid **br. Machiel Buys en die kinders en familie** die troos van die Heilige Gees toe na die oorlye van **sr Connie Buys**. Sy is Maandag begrawe. Ons bly in ons gebede aan **br Dries de Ridder** dink. Die swaar het alles te make ook met die op-en afweeg van sy gesondheid. Ons dink ook aan **sr Alta de Ridder** wie se' rug baie probleme gee en dit moet oorweeg of n operasie sal kan plaasvind of nie. **Br Flip Minnaar** het die laaste tyd baie las met sy voet. Ons vertrou dat die medikasie en behandeling dit beter sal maak. **Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deurgaen bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan **sr Henta** wat hom moet bestaan. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bestaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

65+ SAMEKOMS

Dit is wit, dit is blou//

Dit is vir jou om te onthou//

Ons kuier weer, // by die saal se deur ...

Die volgende besondere geleentheid vir al die 65 "plussers" is DV 23 Aug. Dit vind plaas by ons kerksaal. 9h30-10h00. Laat weet asb. vir sr Amanda by kerkkantoor om teenwoordigheid te bevestig. 012-3262290. Ons dank ook aan almal wat dit weer moontlik gemaak het.

BESKUITPROJEK

Al ons lidmate 70+ se beskuitpakkies is gereed. Daar is al ruim die afgelope 2 weke hiervan uitgedeel. Die wat nog nie gekry het nie kan tussen die twee dienste dit in die kombuis kom afhaal.

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	DVB	Emeritaats- fonds
2de diens	DVB	Instand- houding
31/08/2014 1ste diens	Paul Kruger kinderhuis	Emeritaats- fonds
2de diens	DVB	Instand- houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
24/08	Voorbereiding
31/08	Nagmaal en nabetragting
01/09	Ds. Venter langverlof begin

BEGRAAFPLAAS-HERSTEL

Die kerksaal het goedgekeur dat daar daadwerklik nou fondse bekom moet word om die begraafplaas van ons voorouers naby die Pienaarsrivier te herstel. Ons het die **projek** na al die nabygeleë gemeentes in Pretoria deurgee, maar die verwagting is dat ons as gemeente ons deel ook sal bydra om dit in ere te herstel. Besoek gerus ons **webblad** by <http://bit.ly/1q8Ag4h>

Al die inligting is daar beskikbaar en ook die wyse waarop geldelik bygedra kan word. Ons hoop dat ons as gemeente daadwerklik sal kan help om die plek van die eerste erediens in Pretoria en dan veral hierdie oudste grafte weer "heel te maak".

ETE NA NAGMAAL+SÊ TOTSIENS

Die kerksaal het op versoek van gemeente samekoms-kommissie goedgekeur dat ons gemeente ete ná eerskomende Nagmaal (31 Aug. 2014) die jaar se afsluit-funksie sal wees. Ds. Venter en egg vertrek daaropvolgende week oorsee en oudl. Andries du Plessis vir baie jare ons skriba en steunpilaar gaan ook uit gemeente vertrek waar hulle na Paarl verhuis. Ons afsluit funksie is dan ook "n totsiens-geleentheid. Ons gaan saam vleis vanaf "n spit eet. . Almal bring hulle eie eetgerei en drinkgoed wat 'n massa skottelgoed sal voorkom. U word dan versoek om solank u name by die kerkkantoor (0123262290) op te gee wie almal die geleentheid wil bywoon. Die getalle is nodig vir die berekening van die aankope wat gemaak moet word en hoeveel kos voorberei moet word

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week

MATTHEÛS 19

19:13-14, die kindertjies – Sien hierby die verklaring by **18:1-14**.

Hierdie gebeurtenis het skygbaar gevolg nadat Jesus oor die huwelik gepraat het. Dit is baie gepas, as hy daarna gewys het op hierdie **vrug**: Die kinders, wat God gee.

Dit was 'n gewoonte om suiglinge na die sinagoge te neem om deur 'n rabbi geseën te word. Hierdie moeders erken Jesus beslis as 'n Leraar van die volk.

Die Dissipels wat hulle wou keer, is weereens (om watter rede ook al) verkeerd. Jesus beklemtoon: Die kindertjies mag nie verhinder word om **na Hom** te kom nie. Dit geld ook vir die doop van kinders, die saambing vir eredienste, die kindergebed, ens. – selfs al is hulle nog te jonk om te verstaan. In die ou bedeling was die besnydenis op die **agste dag** na geboorte.

19:17-19, en daar kom een – Van Lukas verneem ons dat jy 'n owerste in die sinagoge was, al was hy nog jonk. Markus toon die jong man se ywer, deurdat hy nader gehardloop het en voor Jesus gekniel het.

onderhou die gebooië – *Waar daar in 1942 in Engeland 'n waarskuwing teen materialisme uitgegaan het van die Konserwatiewe Party, het Totius opgemerk dat daar in daardie tyd baie maal sulke oproepe was oor wetenskap, kultuur, sosiale geregtigheid, ens. Hy het dit verwelkom dat mense meer gerig raak om hulp te verleen. Kringe wat dit nooit genoem het nie, praat toe ook al van sosiale hervorming.*

[Sestig jaar later weet ons duidelik waarheen hierdie sosiale gevoelens gelei het: Sosialisme, wat eerder mense aanmoedig om nie te werk nie, want hulle word onderhou . . . en ander uitwasse daaruit, soos misplaaste en vertrekte sienings van menseregte (sonder die om nodige pligte daarby na te kom !).] *Wat baat dit – egter – dat jy die hele wêreld win, en aan jou siel skade ly" (Mat 16:26). Sulke hoë ideale kan aan mense se kinders gestel word, maar wat word van hulle grootmaak vir die "goeie stryd" van 2 Tim 4:7 ? Die Koninkryk word nie vanuit die aarde opgebou nie, maar kom uit die hemel. Dit moet eerste kom.*

Jesus het die ryk jongman oor die hou van die Wet gewys op die belang van die tweede tafel, naamlik

liefde tot die naaste. Dit vloei voort uit die eerste tafel wat gaan oor die liefde tot God. Jesus praat egter veral oor die tweede tafel, omdat die jongman se aardse goed vir hom eerste gestaan het. V 21: Gaan verkoop dit en gee dit aan die armes. Dit moes die begin van sy godsdienst wees. 19:20-22, bedroef weggegaan – Die vraag wat Jesus in die lug laat hang, is aan ons almal gestel: Is ons bereid om alles prys te gee om die koninkryk in te gaan ? (Net soos die vraag of ons bereid is om hand, voet of oog prys te gee, Mat 18:8-9. Ons moet ons self daarvoor ondersoek.)

19:23-24, 'n ryk man . . . in die Koninkryk – Is dit 'n skande om ryk te wees ? Nee, God het immers stoflike voorspoed ook aan mense soos Abraham, Job, Dawid en Salomo gegee. Wat die mens daarvan maak, is van belang. Word dit iets wat jou toegang tot die Koninkryk belemmer ? Maak dit die persoon gevoelloos vir die nood van ander ? Deins hy terug as hy die HERE se volle deel moet afstaan ?

19:28, wedergeboorte – *Jesus praat nie net van wedergeboorte by mense nie, maar van die heelal. In 'n Verlore wêreld kom ons verlossing tot sy volheid. Soos die mens voor die sondeval in 'n paradys gewoon het, sal dit op die nuwe aarde wees. Dit sal nie maar 'n aarde wees wat volgens humanistiese ideale beskaaf word nie, maar 'n aarde wat "vernuwing uit die wortel, algehele natuurverandering" ondergaan. Wie daaraan vashou, sal nie nou of in die ewigheid teleurgestel wees nie.*

Satan het die hele wêreld ontredder deur die sondeval, maar God het die saad, die mensheid, behou (Gen 3:15), "en deur die mensheid Sy hele skepping. Al gaan daar ook duisende, miljoene verlore, die menslike geslag as sodanig, die saad, word in Christus behou (Ef 1:10; Gen 12:3; Openb 21:1)." Christus bring ons met 19:28 by die hoogste saligheid, die wêreldherstel. Ons moet vreugde hê, ter wille van God.

Hoewel baie verlore gaan, gooi dit nie God se Raadsplan omver nie. Ook die skepping sal vrygemaak word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God (Rom 8:21). Ons mag nie verflou in ons ywer nie en hierdie heerlike dag van God tegemoet gaan.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

5 Aug. 1866– Ds. Dirk Postma bevestig as predikant van Burgersdorp; *5 Aug. 1939–* Dr. HCM Fourie oorlede; *10 Aug. 1783–* Louis Trichardt gebore; *13 Aug. 1901–* Kalman Lion Cachet sneuwel tydens Tweede Vryheidsoorlog; *15 Aug. 1865–* Louw Wepener sterwe; *18 Aug. 1665–* Eerste voltydse predikant ds. Johan van Arkel kom in Kaapstad aan; *20 Aug. 1653–* Eerste doopbediening aan die Kaap deur ds. J Backerus; *24 Aug. 1572–* Bartholomeusnag; *24 Aug. 1801–* Ds. Daniel Lindley gebore; *24 Aug. 1958–* Adv JG Strijdom oorlede; *25 Aug. 1688–* Aankoms van die eerste Hugenote; *26 Aug. 1914–* Nasionale Party word gestig; *26 Aug. 1919–* Dood van genl. Louis Botha; *27 Aug. 1933–* Eerste Afrikaanse Bybelvertaling on gebruik geneem; *28 Aug. 1799–* Susanna Smit (egg Errasmus Smit suster van genl. Maritz) gebore; *28 Aug. 1887–* Jopie Fourie gebore; *29 Aug. 1688–* Ds. Pierre Simond sluit hom by Hugenote aan; *30 Aug. 1864–* Siener van Rensburg gebore

BEROEPENUUS EN KERKE NUUS— Op hede geen beroepenuus ontvang nie.

Dr. Victor d'Assonville is steeds in Duitsland in Hanover in die hospitaal na hy 'n longembolus gehad het. Sy toestand is kritiek. Ons dink aan hom en sr Daleen en kinders en familie in ons gebede.

“PILAAAR EN GRONDSLAG VAN DIE WAARHEID” (5) - P Niemeijer

Vervolg van verlede week

Met die eerste aanhoor klink dit vreemd. Is die waarheid vir haar beskerming afhanklik van die kerk? Dis mos rooms?! Dáár sê hulle mos dat die kerk bo die waarheid is en daar stel hulle vas wat waarheid is en wat nie. Maar dit is tog nie bybels óf gereformeerd nie?

Dit is van belang om hier goed na die apostel te luister. Ek wys op 'n viertal punte.

1. Paulus praat hier nie oor die kerk van welke mens ook al nie, maar hy sê dat die kerk die huis van God is. Dit is sy huis! Hy is die eienaar. En in sy huis mag géén ampsdraer (al is sy naam pous) of kerklike vergadering (al is dit die sinode) absolute of onvoorwaardelike gesag opeis nie. Juis die hoofstuk waarin Paulus die kerk "pilaar en grondslag van die waarheid" noem, is ook die hoofstuk waarin aan ampsdraers duidelik gemaak word dat hulle dienaars is, onderworpe aan God se voorskrifte vir die amp.

2. Dit verdien aandag dat Paulus spreek oor die gemeente van die lewende God. Die naam "lewende God" dui aan dat Hy Hom nie laat wegdruk of Hom die swye laat oplê nie. Hy is die God wat in hierdie kerk laat blyk dat Hy lééf en die seggenskap het. As die lewende God onderskei Hy Hom ook van die afgode. Die gemeente van die lewende God is die gemeente wat bewus is van die onvergelyklikheid van haar God en sy soewereiniteit. Sy dink geen oomblik daaroor om Hom in te ruil vir watter ander god dan ook nie. Hy regeer en laat Hom nie wegdruk of tot swye bring nie!

3. Die kerk waaroor Paulus praat, is nie 'n kerk wat daar was vóór die waarheid nie. Dit is net andersom. Die waarheid was voor haar daar. Die waarheid is nie 'n dooie iets nie, die krag van God is daarin. Die krag van die lewende God. Die kerk is voortgebring deur die verkondiging van die woord van die waarheid (Jakobus 1) en sy kan alleen maar bestaan en groei deur haar aan die waarheid te hou (Efesiërs 4). Hierdie kerk stel nie eiemagtig vas wat waarheid is nie. Sy lééf van die waarheid wat deur God aan haar geopenbaar is. As "huis van God" het sy geen ander taak nie as om "huis vir die waarheid" te wees.

4. Dat die apostel die kerk "pilaar en grondslag van die waarheid" noem, beteken nie dat dit met haar as kerk vanselfsprekend en outomaties goed gaan nie. Die hele brief waarin die kerk "pilaar en grondslag van die waarheid" genoem word, is één voortdurende oproep om in die waarheid te bly. Dat die kerk pilaar en grondslag van die waarheid is, verhef haar nie bó, maar stel haar juis onder, die norm van waarheid. *Vervolg*

Vandag– Winnie Lourens 0837434930	30/08– Quintus Plomp 0747158341
25/08– George Jacobz 0764085026	30/08– Annatjie van Wyk 0823751354
25/08– Nandor Sarkady 0723655078	31/08– Willem du Plooy (jr.) 0822115097
28/08– Johannes van Heerden 0827677639	31/08– Amiré Riekert 0844877287
29/08– Annatjie Von Stade 0799578119	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer</i>

Bate geluk met u verjaarsdag!